

17. Jesus word gekruisig

**Mattheus 27: 31 - 66; Markus 15: 23 - 47;
Lukas 23: 26 - 56 en Johannes 19: 17 - 42**

Jesus word deur God en die mense verwerp

God is regverdig en kan daarom nie die mens se sondes ongestraf laat bly nie. Daarom kom sy toorn oor die mens se sonde op Christus neer. Hy dra die straf vir ons sondes. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Jesus neem al ons sondes op Hom.
- Die Here kan iemand red in die laaste oomblikke van sy lewe.
- Die dood van Jesus is al in die Ou Testament verkondig.

Die soldate lei Jesus weg om gekruisig te word

Nadat Pilatus Jesus se vonnis uitgespreek het, neem die soldate die purper mantel wat hulle vir Jesus aangetrek het, weg en laat Hom weer sy eie klere aantrek. Daarna lei die soldate Hom weg om gekruisig te word. Volgens Romeinse gewoonte moes die misdadiger self sy kruis dra. Daar deur wys die misdadiger dat hy saamwerk aan sy eie teregstelling. Dit is as't ware sy goedkeuring vir sy eie vonnis.

Saam met Jesus loop ook twee moordenaars met kruise oor hulle skouers. Agter die soldate en veroordeeldes volg 'n groep nuuskieriges. Onder hulle is ook baie owerpriesters, skrifgeleerdes en Fariseërs wat lag en spot, ingenome dat Jesus, hul groot vyand, sy dood tegemoet gaan. Die stoet gaan deur die nou strate na die noordwestelike kant van die stad. Buite die stadsmuur en naby 'n hoofpad sal die kruisiging plaasvind.

Die weg na Golgota

Die pad na Golgota staan bekend as die weg van smarte of ook genoem die Via Dolorosa. Slegs twee insidente word in die Bybel vermeld wat plaasgevind toe Jesus op die pad weggelei is. Die eerste is die van Simon, 'n man van Ciréne in Noord-Afrika, wat deur die soldate aangesê is om Jesus se kruis te dra. Die swaar gewig van die kruis is vir die gemartelde en uitgeputte liggaam van die Here te swaar om alleen te dra. Hy kon nouliks

verder, en die soldate is nie van plan om Jesus te help dra aan sy kruis nie. Toe Simon van 'n stuk grond wat hy naby die stad besit het, terugkeer, stop die soldate hom en dwing hom om Jesus se kruis vir Hom te dra.

Die ander gebeurtenis handel oor die vroue van Jerusalem wat Jesus gevolg het. Hulle huil hartroerend toe hulle sien wat met Jesus gebeur. Hulle is baie hartseer en verstaan nie waarom Jesus gekruisig moet word nie. Jesus kyk na hulle en sê dat hulle nie oor Hom moet huil nie, maar eerder hartseer moet wees oor hulself en hul kinders. Vroeër het die volk aan Pilatus gesê: Laat sy bloed oor ons en ons kinders kom.¹⁰⁴ Dit sou ook werklik gebeur. Sulke moeilike tye lê vir hulle voor dat hulle soos Hosea sal uitroep: "Berge, bedek ons! Heuwels, val op ons!"¹⁰⁵ Vir daardie dag moet die vroue van Jerusalem hulle begin voorberei. Ná hierdie gebeurtenisse gaan die stoet voort na Golgota, waar hulle teen nege-uur die môre aankom.

Jesus gekruisig

Teen nege-uur die môre bereik die stoet Golgota, wat Hoofskedelplek beteken. Dis 'n heuwel net buite Jerusalem. Die soldate trek die veroordeeldes se klere uit, sodat hulle net 'n doek om hul heupe aan het. Nadat die kruise ingeplant is, word die veroordeeldes met spykers deur hulle hande en voete aan die kruise vasgespyker. Dit is so 'n afskuwelike manier van teregstelling dat die Romeine dit nie op hulle eie burgers toegepas het nie, maar slegs op vreemdelinge en slawe. Die Jode beskou dit as 'n heidense praktyk, aangesien God dit duidelik stel dat elkeen wat aan 'n paal hang, vervloek is.¹⁰⁶ So 'n vervloekte moet die Here Jesus word sodat Hy ons skuld namens ons kan dra.¹⁰⁷ Daardeur kan beide Jood en heiden deel in die Here se seën.

104 Matt. 27: 25	En die hele volk antwoord en sê: Laat sy bloed op ons en op ons kinders kom!
105 Hos. 10: 8	En die hoogtes van Awen, Israel se sonde, word verdelg, dorings en distels sal opskiet op hulle altare; en hulle sal tot die berge sê: Bedek ons! en tot die heuwels: Val op ons!
106 Deut. 21: 22 en 23	En as in iemand 'n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n paal ophang, dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.
107 Gal. 3: 13	Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word - want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang -

Voor hulle Jesus kruisig, gee hulle aan Hom 'n beker wyn, gemeng met mirre, om die pyn te verlig. Jesus proe daaraan, maar Hy weier om dit te drink. Hy moet die pyn en lyding van sy kruisiging sonder verdowing dra. Daarna spyker hulle sy hande en voete aan die kruis vas. Aan weerskante van Hom word ook twee kwaaddoeners gekruisig. Toe die ontsettende pyn deur sy liggaam sny, bid Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

Bo elke kruis is 'n opskrif geskryf wat aandui watter oortreding die persoon begaan het. In Hebreeus, Grieks en Latyn laat Pilatus daarop skryf: "Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode." Van die Jode wat dit lees, is ontevrede en hulle vra Pilatus om dit te verander dat Jesus gesê het dat Hy die Koning van die Jode is. Oor hierdie punt handhaaf Pilatus egter 'n besliste standpunt. Daarom sê hy beslis: "Wat ek geskryf het, het ek geskryf." Só gee Pilatus ook uitvoering aan die heilsraad van God. Jesus is werklik die verwagte Koning van die Jode, en juis daarom het die Jode Hom verwerp. Die opskrif bo die kruis vertel die volle waarheid.

Die soldate verdeel Jesus se klere

Nadat die soldate Jesus gekruisig het, verdeel hulle sy klere onder hulself. Volgens gebruik kan die soldate die klere van die tereggesteldes vir hulself neem. Hulle deel die klere so gelykop as moontlik, maar toe hulle by sy onderkleed kom, is daar 'n probleem. Dit is van 'n goeie stof gemaak en aaneengewee sonder enige nate. Waarskynlik was dit 'n geskenk aan Hom van 'n toegewyde vrou wat op hierdie wyse haar liefde vir Hom betuig het. Aangesien die soldate die kleed nie wil skeur nie, besluit hulle om eerder lootjies te trek sodat hulle daardeur kan bepaal wie die kleed moet kry. Sonder dat hulle dit besef laat hulle die woorde van Dawid in Psalm 22 in vervulling gaan.¹⁰⁸

Jesus word gespot

Terwyl Jesus oorgelewer aan die kruis hang tussen die twee gekruisigde rowers, begin die Jode met 'n sataniese bespotting. Sommige mense wat daarlangs verbyloop, skud die kop om daarmee te kenne te gee dat Jesus se aansprake dat Hy die Messias is, op niks uitgeloop het nie. Al wat Hy bereik het, is om gekruisig te word. Terwyl 'n skare mense staan en toekyk, roep van die verbygangers uit: "U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself. As U die Seun van God is, kom af van die kruis!"

108 Ps. 22: 19 Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot oor my gewaad.

Die owerpriesters en skrifgeleerdes verlustig hulle in die oorwinning wat hulle behaal het en neem aktief deel aan Jesus se vernedering. Hulle spot daarmee dat Jesus ander mense gered het, maar dat Hy nou Homself nie kan red nie. Hy wat beweer dat Hy gekom het om te red, gaan nou self verlore. Hulle daag Hom uit om te bewys dat Hy die Seun van God is deur van die kruis af te kom. Dan sal hulle in Hom glo. Hulle sê verder dat Hy op God se hulp aanspraak gemaak het, maar nou word dit duidelik dat God Hom verwerp. Deur al hierdie gespottery sê Jesus nie 'n woord nie. Hy bly aan God gehoorsaam in die uitvoering van sy Middelaarswerk.¹⁰⁹

Die berouvolle moordenaar

Die twee persone wat saam met Jesus gekruisig word, word in die Skrif rowers en kwaaddoeners genoem, maar nie uitdruklik moordenaars nie. Tog word veronderstel dat hulle aan moord skuldig was en daarom word na hulle as moordenaars verwys. Aanvanklik spot hierdie twee saam met die skare vir Jesus, maar later raak een van die misdadigers al hoe stiller. Hy kom onder die indruk van die besondere wyse waarop Jesus sy lyding ondergaan. Hy besef dat Jesus die Koning is wat as Hy sterwe, sy koninkryk sal binne gaan.

Een van die misdadiger spot egter nog met Jesus: “As U die Christus is, verlos Usself en ons.” Die ander misdadiger wys hom tereg deur aan hom te vra of hy nie God vrees nie. Hy sê aan hom dat hulle straf regverdig is, maar dat Jesus niks verkeerds gedoen het nie. Daarop vra hy aan Jesus om aan hom te dink as Hy in sy koninkryk kom. Hierop antwoord die Here: “Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die paradys wees.” Die moordenaar hoef nie meer bang vir die dood te wees nie. Die Here sal hom bewaar totdat hy veilig in die hemel opgeneem word.

Persone by die kruis

Rondom die kruis is daar baie toeskouers. Die owerpriesters en Fariseërs wil sien wat gaan gebeur en op 'n afstand staan 'n groepie vroue wat Jesus getrou gevolg het. Hulle is baie hartseer en kan nie verstaan hoekom Jesus gekruisig word nie. Onder hulle is ook Maria, die moeder van Jesus. Jesus

109 Fil. 2: 6 - 8 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.

weet dat dit vir Maria voel of daar 'n swaard in haar hart steek. So het die ou Simeon jare gelede in die tempel vir Maria voorspel gaan sy voel.¹¹⁰

Saam met Maria is haar suster Salome, die moeder van Johannes en Jakobus, en verder ook Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena. By die vroue staan ook Johannes, die dissipel vir wie Jesus baie lief is. Toe Jesus sy ma so hartseer daar sien staan, sê Hy vir haar: "Vrou, daar is u seun." Vir Johannes sê Hy weer: "Daar is jou moeder." Ná hierdie woorde neem Johannes Maria in sy huis om haar te versorg.

Jesus word deur God verlaat

Jesus se sterwe gaan gepaard met buitengewone tekens. Om twaalf uur die middag begin dit ewe skielik donker word. Dit bly donker tot drie uur, asof ook die natuur rou oor die vreeslike lyding van die Seun van God. Die owerpriesters en nuuskieriges wat by die kruis is, gaan beangs terug na Jerusalem. Almal rondom die kruis, selfs die soldate, word nou stil. Jesus stry in die donker met die toorn van God oor ons sonde. Dan roep Hy met 'n groot stem uit: "Eli, Eli, lama sabagtani!" Dit beteken: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

Nou spreek Jesus God nie meer aan as sy Vader nie, want God het Hom verlaat. Dit is die dieptepunt van Jesus se lyding, om deur sy Vader verlaat te word. God se toorn oor ons sonde is so groot dat Hy sy eie Seun, wat ons sonde op Hom dra, verlaat. Hy word deur God verlaat sodat ons nie deur God verlaat sal word nie.¹¹¹ Al word Jesus deur God verlaat, hou Hy steeds aan Hom vas deur Hom as "my God" aan te spreek. Ook in sy diepste angs bly God steeds sy God, en in die Godverlatenheid hou Jesus aan Hom vas.

Kort hierna word dit weer lig en onmiddellik begin die omstanders weer met Jesus spot. Sommige mense sê selfs dat Jesus tevergeefs vir Elia roep.

110 Luk. 2: 34 en 35 En Simeon het hulle geseën en aan Maria, sy moeder, gesê: Kyk, hierdie Kind is bestemd tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weersprek sal word - ja, 'n swaard sal deur jou eie siel gaan - sodat die gedagtes uit baie harte openbaar kan word.

111 Heb. 13:5 Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.

Jesus sterf uit vrye wil

Toe Jesus deur God verlaat word, voer Hy die opdrag uit waarvoor God Hom na die wêreld gestuur het. Hy dra ons straf namens ons. Dit is belangrik dat Jesus aan almal aankondig dat Hy sy opdrag volkome uitgevoer het. Daarom vra Hy die soldate om aan Hom iets te drinke vir sy droë keel te gee. Iemand doop gou 'n spons in asyn gemeng met water en bring dit op 'n hisopstingel na Hom om te drink.

Nadat Jesus die mengsel gedrink het, roep Hy met 'n groot stem uit: "Dit is volbring!" Hy het alles gedoen wat die Vader van Hom verwag het. Daarna sê Jesus sy laaste sterwenswoorde: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor." Daarmee sterf Hy soos David vroeër reeds geprofeteer het.¹¹² Jesus Christus sterf nie as gevolg van die pyn of lyding wat Hy moet verduur nie, Hy besluit self om te sterf. Hy het reeds vroeër vir sy dissipels gesê dat Hy self sy lewe vir hulle sal aflê.¹¹³ Jesus se sterwe is dus 'n bewuste daad van die Seun van God.

Tekens by die dood van Jesus

Op dieselfde oomblik wat Jesus sterf, skeur die voorhangsel van die tempel in twee. Jesus, ons enigste Hoëpriester, het sy offer gebring wat versoening tussen God en sondaars bewerkstellig. Nou hoef die priesters nie meer in die heiligdom van God in te gaan om te offer nie, maar alle gelowiges het vrye toegang tot God deur Jesus Christus.¹¹⁴

Verder vind daar ook 'n groot aardbewing plaas, wat veroorsaak dat selfs die rotse stukkend skeur. Die grafte wat in die rotse uitgekap was, gaan oop en dooies word lewend. Baie van hierdie mense wat uit die dood opgestaan het, het ná die opstanding van Jesus aan ander mense verskyn. Wat verder van hulle geword het, weet ons egter nie.

112 Ps. 31: 6

In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE, God van trou.

113 Joh. 10: 17 en 18

Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

114 Heb. 6: 17 - 20

Daarom het God, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg; sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê, ons wat ontvlug het, om vas te hou aan die hoop wat voorlê; en ons het dit as 'n anker van die siel wat veilig en vas is en ingaan tot binnekant die voorhangsel waar Jesus as voorloper vir ons ingegaan het, Hy wat volgens die orde van Melgisédek 'n hoëpriester geword het vir ewig.

Daar is ook belangrike persone wat van Jesus se goddelikheid getuig toe Hy sterf. Die eerste is die heidense hoofman oor honderd wat verantwoordelik is vir die uitvoering van Jesus se kruisiging. Die duisternis en aardbewing, sowel as die merkwaardige wyse waarop Jesus sy lewe afgelê het, laat 'n diep indruk op hom. Daarom kom hy tot die oortuiging dat Jesus nie 'n gewone mens was nie en sê hy aan almal wat daar is, dat Jesus waarlik die Seun van God is.

Die bewys van Jesus se dood

Later in die middag begin die owerstes van die Jode weer aan ander godsdienstige sake dink. Ter wille van hul aansien by die volk wil hulle nougeset by die neergelegde voorskrifte hou. Daarom wil hulle graag die aand die Pasga eet, aangesien die volk juis besig is om die Paasfees te vier. Die volgende dag sal die Sabbat aanbreek. Omdat die Pasga op die sabbat val, is dit 'n buitengewoon belangrike sabbat. Hulle wil nie hê dat die liggame van die gekruisigdes nog op die sabbat aan die kruis bly hang nie, aangesien die wet van Moses dit uitdruklik verbied.¹¹⁵ Hulle versoek dus Pilatus om die bene van die gekruisigdes stukkend te breek, om daardeur die dood van die gekruisigdes te verhaas.

Pilatus gee toestemming dat hulle dit wel mag doen. Die soldate breek eers die bene van die twee moordenaars wat nog lewe, sodat hulle kan sterf. Toe hulle by Jesus se liggaam kom, sien hulle dat Hy reeds gesterf het. Een van die soldate steek met 'n spies in sy sy, en toe hulle sien dat daar bloed en water uitkom, weet hulle vir seker dat Hy dood is. Jesus se bene word dus nie soos die bene van die twee misdadigers wat saam met Hom gekruisig is, gebreek nie. Daardeur gaan die profesie van David in vervulling.¹¹⁶ Nog 'n duidelike bewys dat Jesus waarlik die Messias is. Jesus se bene wat nie gebreek word nie, het ook betrekking op die Paaslam waarvan die bene nie gebreek mag word nie.¹¹⁷ Jesus is die ware Lam van God¹¹⁸ en as teken hiervan mag sy bene nie gebreek word nie.

115 Deut. 21: 22 en 23 En as in iemand 'n sonde is wat die doodstraf verdien en hy gedood word en jy hom aan 'n paal ophang, dan mag sy lyk nie aan die paal oornag nie, maar jy moet hom sekerlik dié dag nog begrawe; want een wat opgehang is, is deur God vervloek. En jy mag jou land wat die HERE jou God jou as erfenis sal gee, nie verontreinig nie.

116 Ps. 34: 21 Hy bewaar al sy bene: nie een daarvan word gebreek nie.

117 Eks. 12: 46 In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buit toe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie.

118 Joh. 1: 29 Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

Die begrafnis van Jesus

Die lyke van die persone wat gekruisig is, word gewoonlik op die vullishoop van die stad in die dal van Hinnom verbrand. Toe dit aand word, begin die soldate om die lyke van die kruise af te haal sodat hulle dit kan gaan verbrand. 'n Belangrike man met die naam van Josef, wat van Arimatea afkomstig en ook 'n lid van die Joodse Raad is, bied egter aan om Jesus in sy tuin in 'n nuwe graf te laat begrawe. Maria en die ander volgelinge van Jesus het hierteen geen beswaar nie. Josef van Arimatea gaan daarom gou na Pilatus en vra hom toestemming om Jesus se liggaam te verwyder. So word die Here Jesus in die tuin van Josef van Arimatea begrawe. Die graf is nog heeltemaal nuut, uitgekap soos 'n kelder in die rots. Die profesie van Jesaja gaan in vervulling: "By 'n ryke was Hy in sy dood".¹¹⁹

'n Ander vooraanstaande man, die Fariseër Nikodemus wat vroeër in die nag na Jesus gekom het, bring speserye en hulle draai die liggaam saam met die speserye in doeke toe. Daarna lê hulle Jesus se liggaam in die graf neer. Terwyl Josef en Nikodemus hierdie laaste liefdesdiens verrig, sit Maria Magdalena en Maria, die moeder van Jakobus en Joses, ook daar om te sien waar hulle Jesus gaan begrawe. Hulle plaas 'n groot klip voor die graf en daarna gaan almal huis toe. Die vroue begin dadelik om speserye te meng waarmee hulle Jesus se liggaam die Sondagmôre wil gaan salf as die sabbat verby is.

Die graf word verseël

Die volgende oggend, op die sabbat, gaan sien die owerpriesters en Fariseërs vir Pilatus. Die saak is so belangrik dat hulle nie bereid is om tot die volgende dag te wag nie. Hulle sê aan Pilatus dat Jesus gesê het dat Hy ná drie dae uit die dood sou opstaan.¹²⁰ Hulle is nou bang dat Jesus se dissipels sy liggaam sal kom steel en dan vir die volk sal sê dat Hy uit die dood opgestaan het. As dit gebeur, sal die volk verward wees. Daarom versoek hulle Pilatus om 'n wag by die graf te plaas wat die graf vir minstens drie dae sal oppas.

119 Jes. 53: 9 En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie.

120 Mark. 8: 31 Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en gedood word en ná drie dae opstaan.

Pilatus is nie onwillig om hulle te help nie. Hy gee aan hulle soldate en sê dat hulle self moet reël hoe hulle die graf gaan bewaak. Daarna vertrek hulle na die graf en plaas 'n seël op die steen voor die ingang. Dit doen hulle in die teenwoordigheid van die wag. Die soldate ontvang die opdrag om seker te maak dat hulle die graf sorgvuldig bewaak. Daardeur maak die owerpriesters en Fariseërs seker dat niemand die graf kan bereik om die liggaam te verwyder nie. Indien die graf leeg gevind sou word, sal dit beslis nie deur die toedoen van mensehande wees nie.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 213 - 217 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 400 - 409 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 673 - 680 p.